

6 Mei

**Skrifgedeelte: Handeling 9:1-19a**  
**Fokusgedeelte: Handeling 9:15**

### **Die regte ywer in God se diens**

Paulus wou in die naam van godsdiens die kerk van Jesus Christus heeltemal uitroei. Binne en buite Israel het die mense hom gevrees. In sy misplaaste ywer het hy baie lyding veroorsaak en was hy nou op pad om selfs buite die grense van Israel die kerk van Jesus Christus skade te berokken. Daarvoor het hy die toestemming, aanbeveling en ondersteuning van die Joodse kerkleiers gehad. Die Here het egter 'n baie duidelike plan met hierdie man se lewe in die uitbreiding van sy koninkryk gehad. Op die pad na Damaskus het Hy Paulus se hele lewe omgekeer. In een oomblik het die Here die ywer van sy eie lewensideale verblind, om drie dae later, 'n nuwe lewenslig aan hom te openbaar. Hy wat Jesus Christus se volgelingen soveel lyding veroorsaak het, sou moes leer hoeveel lyding hy ter wille van Jesus Christus sal ondergaan. Baie mense het al in die naam van godsdiens en met 'n *fanatieke* geestelike ywer onberekenbare skade aan God se koninkryk aangerig. Die Here leer ons in die lewe van Saulus die gevaar van 'n selfgedrewe geestelike ywer wat op 'n wêreldse wyse dwing en dreig. 'n Mens kan nie die duiwel se instrumente in God se diens gebruik nie. Die Here sou egter in die lewe van die apostel Paulus die teenoorgestelde openbaar. Die ware ywer vir Jesus Christus is 'n geesgedrewe diensbaarheid wat gewillig is om ter wille van Jesus Christus lyding te verduur. Hoedanig is ons ywer vir die Here?

Sing: Psalm 147:2

Ds IW Ferreira (Magol)